Posbus 25119
Gezina, 0031

gha@lantic.net
afrikaans.org.za

Tel: 012 335 3321
Faks: 0866932416

GHA
Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans

AFRIKAANS

AFRIKAANS IS ONS ERNS

11 April 2011.

Mediaverklaring oor koopkrag van Afrikaans.

In Sake 24 p 6 (*Beeld* Maandag 11 April 2011) word ‘n waarheid wat die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA) die afgelope 17 jaar sedert ons stigting voortdurend beklemtoon, weereens onderstreep nl dat die Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika die grootste enkele sektor van die koopkrag van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak.

In die rubriek *Reklamesiening* van Wilma de Bruin skryf sy wat mnr John Farquhar op sy 83 ste verjaarsdag op sy webwerf gesê het oor die beduidende koopkrag van die Afrikaanssprekendes. Daaruit kom die volgende feite na vore: dat “die gemiddelde inkomste per Afrikaanse individu 60% meer (is) as die gemiddelde inkomste per Suid-Afrikaanse individu..”. Met hierdie groter inkomste loop die Afrikaanssprekendes dan voor wat betref die koop van aftree-annuïteite, begrafnispolisse, medieseskema lidmaatskap en ander versekering. Hulle gebruik ook gereeld kitsbanke en telefoon-en internetbankdienste.

Ook wat betref voertuigfinansiering, huisverbande, tjekrekenings en kredietkaarte verteenwoordig Afrikaanssprekendes ‘n groot deel. So gaan Farquhar aan om aan te toon dat Afrikaanssprekendes op talle ander terreine van die ekonomie hulle kant bring deur hulle deelname en gebruik.

Dan vra hy tereg “Wanneer laas het jy ‘n televisie-advertensie vir byvoorbeeld ‘n weeldemotor in Afrikaans gesien? Of vir ‘n bankgroep? Of vir ‘n selfoondiensverskaffer?
Dit terwyl navorsing telkens bewys dat moedertaalreklame veel groter trefkrag het as die mog-het-troffe-massamark-reklame....
Reklame in gebruikers se eie taal sal tot gevolg hê dat beter daarna geluister en beter daarop gereageer word.”

As hierdie waarhede van die groot koopkrag van die Afrikaanssprekendes en die voordele van reklame in die moedertaal van die koper dan so uitgelig word dan vra die GHA dat ons as trotse Afrikaners wat Afrikaans praat en ons moedertaal hoog ag, moet seker maak dat ons op ‘n mooi maar besliste wyse moet aandring dat ons in Afrikaans bedien word by besighede, poskantore, banke en alle regeringskantore.

Moenie toelaat dat ons in die reklamewêreld en in ons besigheiddoen en in ons administrasiewerk, geboelie word om afstand te doen van ons reg om in ons eie taal bedien te word nie!!

Dr Müller Pretorius
Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans

mnr André Alkema (voorsitter) mev Susan Grobler (ondervoorsitter) mev Sanet Alkema (penningmeester) mnr Pieter Oosthuizen (sekretaris)
mnr Horst. Graefe; mev Natasha Ayres; mej Jofranie Venter (addisionele lede) Müller Pretorius (Admin) Karine Bisschoff (Handhawerjeug)